962 Hyde Avenue, Eldoraigne, Centurion

079 538 8672

Slimlyfies@gmail.com

# Naskool Inligtingstuk 2026:

**Skool ure:**

Die naskool maak 12:30 oop en sluit om 17:15 gedurende skool kwartale.
Tydens skool vakansies hardloop die naskool vanaf 07:00 tot 17:15 saam met die kleuterskool se ure.
In enige noodgeval waar u mag laat wees moet die skool betyds in kennis gestel word.
Boetes sal op u rekening verskyn indien u laat is teen R60 per 15minute, wat direk aan die agterblywende juffrou betaal sal word vir haar oortyd.
Kinders sal by die skool afgehaal word op 'n spesifiek gereelde plek met die kind en ouer, ouers wat kinders self by die skool wil oplaai en by die naskool wil aflaai is welkom om hierdie ook te doen.

**Etes / Voedsel:**

Naskool kinders tydens skool kwartale word voorsien van toebroodjies en water vir middagete sodra hul by die naskool aankom en 'n vrug as versnappering.
Tydens skool vakansies word kinders voorsien van ontbyt en middagete en 'n vrug vir middag versnappering, enige versnappering deur die oggend moet asb self voorsien word in 'n kosblikkie.
Koeldrank/Sap moet ook asb self voorsien word in 'n morsvrye bottle, die skool verskaf water.
**Enige voedsel allergieë, of dieetkundige voorkeure moet asb skriftelik aan die skool voorsien word!.**

**Gesondheid:**

GEEN kind met 'n aansteeklike siekte mag naskool toe gestuur word nie.
Enige kind wat antibiotika voorgeskryf word moet vir 2 dae eers tuis bly voor die kind mag terugkeer.
Allergieë MOET aan die skool oorgedra word en enige medikasie of teenstand middle daarvoor.

**Skoolreëls:**

Leerders moet asb hulle ekstra klere saambring om in te speel die middag na huiswerk afgehandel is.
Indien enige iemand anders as die ouer die kind kom oplaai, MOET daar vooraf met die skool gereel word anders sal die kind nie oorhandig word nie.

**Kennis:**

Indien u die naskool gaan verlaat moet u asb skriftelik een kalender maand kennis gee. 'n kalender maand is vanaf die 1ste van die maand. November en Desember word uitgesluit vir kennis maande en sal steeds betaalbaar wees indien u wil kennis gee enige tyd van einde Oktober af.
Die skool is ook geregtig om u een kalender maand kennis te gee indien nodig met geldige rede.
Tariewe is betaalbaar oor 12 maande (Jan-Des)

**Skooldae / Vakansiedae:**

Die skool sluit 15 Desember 2026 om 12:00.
Die skool is ook gesluit op elke publieke vakansiedag asook uitgekende dae voor/na publieke vakansiedae soos uiteengesit in die jaarkalender om voorsiening te maak vir lang naweke (Hierdie sal wees indien 'n publieke vakansiedag op 'n Dinsdag of Donderdag val, sal die skool die Maandag of Vrydag gesluit wees)
Die naskool is verder oop met alle skoolvakansies deur die jaar vir ouers wat van hierdie opsie gebruik wil maak.

**Skoolfondse:**

| Opsie | | Tarief |
|---|---|---|
| 1 | Naskool **sonder** skoolvakansies | R 1500 |
| 2 | Naskool **met** skoolvakansies | R 1800 |

- Naskoolgelde is vooruit betaalbaar, voor of op die eerste van elke maand.
- Indien 'n 2de maand se fooie agterstallig raak sal u kind ongelukkig nie meer naskooltoe kan kom tot fooie opgevang is of 'n reeling getref word om fooie in 'n redelike tyd op te vang nie.
- Let asb daarop dat ons fakture en alle kommunikasie deur 'n digitale program gaan om papiervrye omgewing te skep asook om agterstalligheid te voorkom.
- Indien u kind afwesig is sal u steeds verantwoordelik bly vir die volle naskoolfooie, indien u u kind onttrek sonder enige kennis of kommunikasie sal u steeds verantwoordelik wees vir die betrokke maand se fooie asook die kennis maand se fooi en oorhandig word aan ons prokureur.
- Kinders kan nie onttrek word gedurende winter maande en weer gebring word in die somer nie, u sal in hierdie geval steeds verantwoordelik bly vir die volle tydperk se naskoolfooie.
- Indien u einde Oktober kennis gee sal u steeds verantwoordelik wees vir November en Desember se skoolfondse.
- Die naskool is ingerig met wifi en 'n rekenaar om die leerders te help met enige take of die soek van inligting.
- Indien take by die skool geprint moet word of enige ander print werk sal hierdie op u rekening gehef word teen 50c per print bladsy, dit kan alhoewel ook per epos aan die ouer gestuur word indien u self wil print by die huis.

  - **Heffings van R50pd sal geplaas word indien daar gery word na 'n skool en gesoek word na 'n kind waar die ouers versuim het om kennis te gee dat dit kind afwesig is vir die dag.**

**Sekuriteit:**

Die skool maak gebruik van toegang deur middel van 'n vingerafdruk stelsel, slegs ouers of die gekose persoon wat elke dag die leerder kom haal of aflaai mag op die sisteem gelaai word. Geen oumas, oupas, ooms of tannie wat net nou en dan kinders kom haal sal gelaai word nie, hierdie moet vooraf gereel word met die naskool dan sal die personeel vir die persoon die hek oopmaak.
Kinders sal in geen persoon se hande gelaat word sonder dat daar nie skriftelike toestemming vooraf gegee is nie.
Ons maak ook gebruik van CCTV kameras binne in elke klas en op die skool terrein.

Ons sien uit daarna om u kind by ons te kan huisves in die middae en u hart gerus te stel byu die werk.

Indien u wil inskryf kan u ons net kontak en ons stuur die link na ons inskrywingsvorm vir u aan.